041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za

Baie welkom by Hoogland

Program vir die dag

Oggenddiens: Ds Pieter Nel

Deurkollekte: Christelike Lektuurfonds

Hoogland Dankoffers

Baie dankie vir elkeen wat steeds getrou u dankoffers, asook Sondag-kollektes inbetaal. Maak gerus van hierdie metodes gebruik:

SnapScan QR-kode

EFT:
ABSA Tjek
1400 149 980

Zapper QR-kode

Alle Eredienste is tans slegs regstreeks op Hoogland se webblad & YouTube kanaal beskikbaar.

www.pehoogland.co.za

-> PREKE -> BEELDSENDING

079 815 9325 | facebook.com/pehoogland | #hooglandpe | PE Hoogland

GVG Mentors 2021

Hoogland het jou hande nodig om ons kinders te dien!

Kinders & jongmense in *Gr 7 & 8* het iemand nodig wat as mentor vir hulle sal optree; iemand wat nie al die antwoorde hoef te hê nie, maar wat saam met hierdie kinders & jongmense kan leer; saam verwonderd kan wees oor God se wêreld en saam kan *journey*...

Kontak asseblief vir Leandra as jy saam met hulle wil *journey.*

GVG & Lofkabouters 2021

Hoogland-ouers, help ons asseblief om jou kinders/jongmense te dien deur hierdie anonieme aanlyn vorm sommer maklik op jou selfoon/rekenaar in te vul. Die skakel vir die aanlyn vorm is - https://forms.gle/8KcZ8WbxvGkHvgMFA.

Dit is ook op Hoogland se Facebook-blad beskikbaar of kontak vir Leandra in die kerkkantoor indien sy dit per WhatsApp kan aanstuur.

Daar word met groot opwinding tans saamgesels en beplan aan Hoogland se Geloofsvormingsgroepe & Lofkabouters .

Maak asseblief seker u is op u kind se GVG Graad én Hoogland se Whatsapp groep vir nodige reëlings en hou ook Hoogland se Facebook-blad dop vir die nuutste verwikkelinge.

SAVE THE DATE

GVG & Lofkabouters

begin weer

Sondag, 21 Februarie 2021

Luister gerus uit vir inligting vanaf julle Mentors, hou Hoogland se *Facebook*-blad dop of kontak vir Leandra in die Kerkkantoor vir verdere inligting

Woord Werkgroep

Weekliks ontmoet lidmate, Woensdagoggende om 11:00, saam met Ds Pieter om te luister en deur die teksgedeelte vir die komende Sondag te bid en te werk. Enige belangstellendes is baie welkom om by hulle te kom aansluit. Laat weet gerus vir Leandra indien jy wil kom saamgesels.

Uit die hart ...

"The headlines and neonlights and amplifying systems of the world announce human works. But what of God's works? They are unadvertised but also inescapable, if we simply look. They are everywhere. They are marvelous. But God has no public relations agency. He mounts no publicity campaign to get our attention. He simply invites us to look." (Eugene Peterson, *Christ plays in a thousand places*)

Geraas, as metafoor, is vandag oorverdowend in ons lewe. Voordat ons die geraas identifiseer, dalk eers: wat doof dit uit? Die influistering van God se Gees en God se aktiewe betrokkenheid in ons lewens en die wêreld wat Hy geskep het.

Geraas is, soos Peterson hierbo skryf, die hoofopskrifte wat 'n donker prentjie skets; helder, plat skerms waarna ons staar maar niks sien nie; vrees vir die onbekende wat nou al meer bekend raak. Die geraas is soms my ooraktiewe brein wat spring van die een skerm na die volgende, die een oproep na die ander, die een taak na die ander tussen kinders wat moet versorg word, 'n huishouding wat moet voortgaan en ons eie ontspanning (voeg maar by wat jou brein besig hou).

As ons (myself ingesluit) maar net wil doen waarvoor daar nie tyd is nie en definitief nie in ons (steeds) gejaagde programme pas nie. As ons maar net sal doen wat ons diep binne weet sal werk en goed sal wees. As ons, ek, maar net wil tyd maak om in my siel stil te raak by God.. Dan verdof die helder skerms. Hoofopskrifte raak voetnote. Dood word lewe. Te min raak genoeg om te gee. Die harde geskree en geraas van die wêreld verdof tot ver in die agtergrond.

Dan, in die stilte is daar 'n fluistering (1 Konings 18:12). God.
"Wees maar net stil tot God, my siel, want van Hom is my verwagting"
(*Psalm 62:6—Ou Vertaling)*

Ds Pieter